

# UNDERGROUND

Jeug- & studentebediening van Geopende Deure

**UNDERGROUND** – die kinder-, jeug- en studentebediening van Geopende Deure Suider-Afrika – strewe om die plaaslike Kerk te bedien en om, sodoende, ook die vervolgde Kerk wêreldwyd op ŉ effektiewe wyse te bemoedig en te versterk. Ons bied insiggewende multimedia-aanbiedings aan, asook verskeie getuienisse uit die vervolgde Kerk, by skole, gemeentes en jeuggroepe en fokus graag op die ouderdom tussen 6 tot 21 jaar oud.

Ons programme word aangepas om by die behoeftes van die spesifieke gehoor te pas, asook die ouderdomme van die kinders en jongmense teenwoordig. Ons aanbiedings kan omskryf word as aanbiedings by kleingroepe, skoolsaalopeninge, godsdiensperiodes, sendingweke, gebedsgroepe, Sondagskool- of Kinderkerkbyeenkomste, jeugkerkdienste, ens.

Die doel van hierdie aanbiedings is om die kinders en jeug in te lig oor die vervolgde Kerk, asook die werk van Geopende Deure in geslote lande. Afhangende van die spesifieke groep, sal ŉ program die volgende insluit:

- **Wie is Geopende Deure?**
- **Wie of wat is die vervolgde Kerk?**
- **Die realiteit van die vervolgde Kerk…**
- **Wat is die rol van en opdrag aan Christene aangaande die vervolgde Kerk?**

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Kinders en jongmense sal geïnspireer word deur te verstaan dat hulle ŉ verskil KAN maak in die lewens van ander kinders en jongmense deur gebed. Geopende Deure is ŉ organisasie wat graag gebed genereer en UNDERGROUND wil graag die kinders en jeug van Suid-Afrika aanmoedig om voor God te kniel in gebed ter wille van diegene wat nie ŉ stem vir hulleself kan wees nie.**

## "…WANT VIR MY IS DIE LEWE CHRISTUS EN DIE STERWE WINS…"

FIL. 1: 21




Tydens ons UNDERGROUND-aanbiedings, word kinders en jongmense bedien met Bybelse waarhede, ŉ oproep om betrokke te raak, en die nodige leiding en hulpmiddels om betrokke te raak en ŉ verskil te maak! Op hierdie wyse beleef en ervaar hulle ook hul eie geloof op ŉ baie besonderse manier!

Ons nuusbrief, ***Die Prys***, wat drie keer per jaar uitgestuur word, gee ook terugvoer rakende die huidige behoeftes, gebedsversoeke en ook goeie nuus uit die vervolgde Kerk!

Ons neem ook deel aan ŉ jaarlikse, wêreldwye gebedsgeleentheid genaamd, SHOCKWAVE. Tydens hierdie naweek staan ons saam in gebed vir kinders en jongmense van verskeie ander geslote lande in die wêreld. Hierdie geleentheid word aangebied vanaf die Vrydag tot Sondag, gewoonlik die eerste naweek van Maart van elke jaar.






Natasja, ons jeugkoördineerder, is ŉ gekwalifiseerde onderwyseres, met sewe jaar se ondervinding in die onderwys en het ŉ liefde en passie vir die kinders en jongmense met wie sy werk. Sy is al sedert 2009 voltyds by Geopende Deure betrokke en het ŉ baie spesifieke roeping en mandaat om kinders en jongmense in Suider-Afrika te bereik met die boodskap rakende die vervolgde Kerk.

Sy het ook al na verskeie geslote lande in Asië en die Midde-Ooste gereis en kan met outoriteit praat oor die vervolgde Kerk, asook om jou skool, gemeente en jeuggroep te inspireer en in te lig om by die vervolgde Kerk betrokke te raak!

# JOU GELEENTHEID OM 'N VERSKIL TE MAAK!

## DIE KLEINGELD-PROJEK



Skole en kerke kan betrokke raak deur muntstukke te versamel – dit kan deur die loop van die skooljaar gedoen word en die oorbetalings kan na ŉ spesifieke rekening gestuur word. Kontak gerus ons jeugkoördineerder, Natasja, vir meer besonderhede.

Versamel enige Suid-Afrikaanse muntstukke en help ons om Arabiese Kinderbybels in die Midde-Ooste te voorsien. Plaas gerus al jou munte in ŉ houer en maak op so ŉ manier ŉ verskil in die lewe van ons broers en susters in geslote lande.

**Moet asseblief nie enige ou Suid-Afrikaanse munte, of enige buitelandse muntstukke vir hierdie projek bymekaarmaak nie!**

# JOU GELEENTHEID OM 'N VERSKIL TE MAAK!

## LOCKED-UP

(Ouderdomme: 13 tot 21)

Hierdie geleenthede het al vir ons in die verlede gewys dat dit op 'n baie spesifieke manier die ware boodskap van vervolging oordra! Jou jeuggroep sal blootgestel word aan die realiteit van vervolging in 'n gekontroleerde omgewing. Opleiding sal vooraf verskaf word en ons sal die hulp van julle gemeente of skool benodig in die beplanning en uitvoer van hierdie geleentheid.

## BRIEFSKRYF-VELDTOGTE

Jy het die geleentheid om jou gedagtes en gebede oor te dra aan ons vervolgde broers en susters deur kaartjies te maak of 'n brief van bemoediging aan hulle te skryf. Hierdie kaartjies en briewe word aan kinders en hul families om die hele wêreld heen afgelewer.



## KAMPE

Gemeentes en skole nooi ons gereeld om spesifieke sessies tydens kampe te fasiliteer. Tydens hierdie kampe kan ons beslis die vervolgde Kerk in diepte ondersoek!

## REIS

Jy het die geleentheid om ook saam met ons te reis – die doel van die hierdie reise is om jou bekend te stel aan die vervolgde Kerk en om jou die geleentheid te gee om meer te leer oor die Kerk en die gelowiges in geslote lande. Hierdie reise is vir jongmense tussen die ouderdomme van 19 en 30 jaar oud. Kontak gerus ons reiskoördineerder vir meer inligting deur ons kantoor te skakel op 011 888 9341 of 'n e-pos te stuur aan travel@opendoors.org.za.

**Kontak my asseblief vir meer inligting rakende enige van die bogenoemde programme.**

**Dankie vir jou belangstelling en ondersteuning!**

**Natasja B**
**Underground Jeugkoördineerder**

UNDERGROUND
Jeug- & studentebediening van Geopende Deure

**T** +27 82 838 1285 | **F** +27 11 888 9362
**E** undergroundsa@od.org
**I** www.opendoors.org.za